

JOU GIDS TOT WEGDOENING VAN GRYSWATER



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

MELD DIT AAN, ONS MAAK DIT REG!

- Slaggate
- Verstoppte stormwaterdreine
- Oorstromings
- Modderstortings of rotse op die pad
- Gras en onkruid op sypaadjies en verkeerseilande
- Stukkende verkeerseine
- Mangate sonder deksels
- Beskadigde openbarevervoer-infrastruktuur en -tekens
- Beskadigde padversperrings



WEGDOENING VAN GRYSWATER

Kaapstad se padnetwerk is 'n belangrike bate wat bydra tot die stad se ekonomie en die gehalte van alle padgebruikers se daaglikse lewe.

Sommige paaie en gebiede regoor Kaapstad het gereeld slaggate weens die storting van gryswater op paaie. Die Stad Kaapstad werk hard om seker te maak dat ons paaie veilig en doeltreffend is en goed in stand gehou word. Inwoners het 'n belangrike rol om te speel deur nie gryswater op ons paaie te stort nie want dit kan paaie beskadig.

**MOENIE
GRYSWATER
STORT
NIE**





WAT IS GRYSWATER?

Gryswater is onbehandelde afvalwater waarin daar gebad, gestort of hande, motors, skottelgoed of klere gewas is.

Gryswater bevat wasmiddels, seep en ander skoonmaakmiddels wat skadelik vir padoppervlakke is. Hierdie chemikalieë breek die bindmiddels in die padoppervlak af en verswak mettertyd sy struktuur. Namate die oppervlak verbreek, raak die pad ongelyk, hobbelrig en vatbaar vir slaggate wat veiligheidsrisiko's vir padgebruikers inhou en ongelukke kan veroorsaak.





GRYSWATER SE IMPAK OP PAAIE

Wanneer gryswater op paaie uitloop, verskyn daar mettertyd klein krakies in die padoppervlak waarin water opdam en dan wyer en dieper word. Sulke krake verander vinnig in slaggate wat motors en bande beskadig of ongelukke veroorsaak.


Gryswater wat in paaie wegsyfer, kan ook die pad se struktuurlae verswak. Dit verswak die pad se strukturele stabiliteit wat defekte soos slaggate en groewe in die pad veroorsaak.



Die pad kan hobbelrig raak en nie meer in staat wees om die gewig van voertuie te dra nie.

Om gryswater op die pad uit te gooi, kan ook skadelik vir die omgewing wees omdat dit bakterieë, hare en velpartikels, olie en vet, oorblyfsels van seep en skoonmaakmiddels, plaagdoders en ander besmettingstowwe bevat. Die chemikalieë kan in die grond en in ons waterbronne wegsyfer, wat gesondheidsrisiko's inhou.



**AS JY AANHOU OM
GRYSWATER IN DIE
PAD TE STORT, SAL
DIE PAAIE VERSLEG.**





WEGDOENING VAN GRYSWATER

Om van gryswater ontslae te raak deur dit op ons paaie uit te gooi, mag dalk na 'n gerieflike oplossing klink, maar dit sal aanleiding gee tot beskadigde en onveilige paaie wat ook 'n impak op die slytasie van bande gaan hê.



Net soos met ander afvalwater moet gryswater in die rioolstelsel uitloop sodat die Stad Kaapstad dit kan behandel óf daarmee kan wegdoen óf dit vir besproeiings- of industriële doeleindes kan herwin of hergebruik. Moenie gryswater in ons stormwaterdreine laat beland nie - dit loop reguit in ons riviere en die see uit.



**MELD ONWETTIGE
STORTING IN:
0860 103 089
BEL 24/7**

HOE OM AAN TE MELD

Meld alle probleme in die padnetwerk aan, soos slaggate, stukkende verkeerseine, beskadigde padversperrings, modder- of rotsstortings, onwettige afvalstorting en verstoppte stormwaterdreine.

OPSIE 1: Laai die Stad se diensverwante app af wat die Apple App Store en Google Play beskikbaar is..

Laai die app nou af via:



<https://apple.co/3pZAkth>



<https://bit.ly/3pMGI tv>

OPSIE 2: Kontak die Stad se kliënte-inbelsentrum by **0860 103 089**. Dié sentrum is 24/7 beskikbaar en bied hulp in Afrikaans, Engels en Xhosa aan.

OPSIE 3: Teken 'n diensversoek aan op die Stad se selfhelpdienswebtuiste **www.capetown.gov.za/servicerequests**. Kies "Transport, Traffic and Roads".



OPSIE 4: Skandeer die QR-kode om met die selfhelpdiens te skakel.

Hierdie pamflet en ander nuttige gidse is elektronies beskikbaar by **www.capetown.gov.za/urbanmobility**

SOSIALE MEDIA

Volg ons:

City of Cape Town

@cityofct

@UrbanMobility



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD